- 19.5 Certain community services such as housing for the lower-income group in particular, facilities for recreation, leisure time activities and preventive services.


So far as subeconomic housing is concerned, certain facets of welfare services are so closely involved in such housing that it can hardly be provided by any organisation other than a local authority.

- 19.6 Support for the organisations providing services with regard to the payment of pensions and allowances. This support may be given by making offices available, by referring applicants and

complaints and by providing for the needs of beneficiaries on days when pensions are paid.

20. SUMMARY

- 20.1 The social welfare community is entering a period of dynamic renewal, change and challenge. The restructuring of the welfare community should be dealt with responsibly and tactfully to ensure the most efficient service to all communities in the Republic of South Africa. The welfare community has an obligation to assist in unlocking human potential and affording all South Africans the opportunity to live their lives to the full.
- 20.2 The restructuring of and change in the welfare system will take place in phases as the new South African constitution develops. The guide-lines for a new welfare dispensation for the Republic of South Africa, as set out in the working document, and the implementation of the guide-lines are therefore the first phase in the establishment of a new welfare dispensation for the Republic of South Africa. This requires a joint effort from all players in the welfare community.



WERKSDOKUMENT:
Vertrekpunte vir die
Ontwikkeling van 'n nuwe
Maatskaplike Welsynsbedeling
vir die RSA



JANUARIE 1992



Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling

VOORWOORD

Die ontwikkeling van 'n toepaslike welsynsbedeling is nie die verantwoordelikheid van die Regering alleen nie, maar van die Owerheid en private sektor gesamentlik.

Die afgelope twee jaar is samesprekings oor welsynsbeleid met verskeie instansies, groepe en individue gehou en skriftelike advies en kommentaar is ontvang. Die kernaspekte hiervan word in die Werksdokument saamgevat.

Die doel van die dokument is om as grondslag te dien vir verdere gesprekvoering met die oog op die gesamentlike ontwikkeling van 'n toepaslike welsynsbedeling vir die nuwe Suid-Afrika. Dit vorm deel van 'n deurlopende proses van oorlegpleging vanaf beleidmakende vlak na grondvlak en ook vanaf grondvlak na beleidmakende vlak.

Kommentaar op hierdie Werksdokument ontvang ek graag voor 30 April 1992.

DR E H VENTER LP

MINISTER VAN NASIONALE GESONDHEID EN VAN
GESONDHEIDSDIENSTE EN WELSYN: VOLKSRAAD

13 Januarie 1992

Adres: Privaatsak X9070

KAAPSTAD

8000

VOORWOORD

1.	INLEIDING	1
2.	MISSIE	3
3.	BASIESE VERTREKPUNTE	3
4.	BEGINSELS	5
5.	ETIESE RIGLYNE	6
6.	VLAKKE VAN DIENSLEWERING	7
7.	DIENSVELDE	8
8.	DIENSVELDFORUMS	9
9.	OPLEIDING	11
10.	NASIONALE RADE	11
11.	WELSYNSORGANISASIES	12
12.	WELSYNSPROGRAMME	13
13.	VRYWILLIGERS	14
14.	TRAUMATIESE GEBEURE	14
15.	NASIONALE KOMMUNIKASIE	15
16.	OWERHEIDSFINANSIERING	15
17.	WETGEWING	17
18.	RASIONALISERING VAN WELSYNSTRUKTURE	17
19.	DIE PLAASLIKE OWERHEDE	19
20.	SAMEVATTING	20

WERKDOKUMENT: VERTREK PUNTE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N NUWE
MAATSKAPLIKE WELSYNSBEDELING VIR DIE RSA

1. INLEIDING

1.1 Die Maatskaplike Welsynsbeleid vir die RSA is gedurende November 1987 deur die Regering aangekondig. Die veranderende situasie in Suid-Afrika noodsaak egter dat 'n nuwe welsynsbedeling ontwikkel word om aan die eise van die nuwe Suid-Afrika te voldoen.

Suid-Afrika is primêr 'n ontwikkelende land wat gekenmerk word deur gemeenskappe met groot maatskaplike agterstande aan die een kant en welvaart aan die ander kant.

Die maatskaplike behoeftes van die burgers van die RSA waarvoor die welsynsisteem verantwoordelikheid neem, het die afgelope dekades drasties vermeerder. Die hoë bevolkingsgroei, sanksies teen die land, die lae ekonomiese groei, werkloosheid, politieke onrus en geweld, die verskerpte migrasie na stedelike gebiede en 'n groter wordende VIGS-probleem is maar enkele faktore wat 'n ernstige ontwrigting van die huweliks- en gesinslewe en ook van gemeenskappe veroorsaak.

Gevolgtlik bestaan daar 'n dringende behoefte dat 'n nuwe nasionale welsynsbestuursplan tot stand kom wat oor die vermoë beskik om die welsynsbehoefte van individue, gesinne en gemeenskappe binne die finansiële vermoë van die land effektief aan te spreek.

Die Regering is bewus van die verskeidenheid en omvangrykheid van maatskaplike welsynsprobleme en -behoefte en het 'n diepe deernis teenoor hulpbehoewende mense en gemeenskappe van die land. Die Regering is ook bewus dat die welsynsisteem oor die afgelope 15 jaar verarm het en wel in so 'n mate dat dienste afgeskaf of afgeskaal of dat noodsaaklike uitbreiding verlangsaam moes

word. In sekere agtergeblewe gebiede het agterstande in welsynsdienstlewing ook verder vergroot.

1.3 Dit is die nasionale strewe van die Staat om die algemene welvaart van die burgers van die land te bevorder. In die verwesenliking van hierdie strewe moet 'n balans deurlopend gehandhaaf word tussen konstitusionele, ekonomiese, fisiese en maatskaplike ontwikkeling. Die dinamiese interafhanklikheid en wisselwerking tussen die politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine bepaal in 'n groot mate die proses van ontwikkeling in enige gemeenskap.

1.4 Maatskaplike welsynsdienste behoort nooit in isolasie van ander noodsaaklike ontwikkelingsprogramme wat gerig is op die sosio-ekonomiese, konstitusionele en fisiese terrein, geïmplementeer te word nie. Dit is vir die algemene welsyn van die individu, gesin en gemeenskap noodsaaklik dat dienste soos veral maatskaplike welsyn, onderwys, gesondheid en behuising effektief tot op grondvlak gelewer word. Ten einde stabiliteit in die RSA te verseker is dit noodsaaklik dat maatskaplike welsynsprogramme gerig op onder andere die gesinslewe, gestremde persone, alkohol- en dwelmafhanglikheid en bestaansbeveiliging sal slaag. In aansluiting hierby is dit ewe noodsaaklik dat programme gerig op die voorkoming en bekamping van armoede, hantering van verstedeliking, skepping van werkgeleenthede, mannekragopleiding en bevolkingsontwikkeling tot op gemeenskapsvlak deurgevoer word.

1.5 Dit is belangrik dat 'n welsynsbeleid onder andere fundamenteel gegrond is, aansluiting vind by universeel geldende vertrekpunte en beginsels, die vennootskapsmodel tussen die owerheid en die private maatskaplike welsynsgemeenskap ondersteun, op die werklikhede van die RSA-

situasie gerig is en prakties uitvoerbaar en bekostigbaar is in terme van die finansiële vermoëns van die Staat en die land.

Die welsynsbedeling moet in samehang met die ontwikkeling van 'n nuwe grondwetlike model vir die RSA geïmplementeer kan word.

2. **MISSIE**

Die missie van die Staat se maatskaplike welsynsdiens is om te verseker dat die maatskaplike funksionering van die Suid-Afrikaanse bevolking op alle vlakke bevorder word.

3. **BASIESE VERTREKPUNTE**

3.1 Die basiese vertrekpunte vir 'n maatskaplike welsynsdiens is die volgende:

3.1.1 Elke mens, gesin en gemeenskap is basies verantwoordelik vir sy eie welsyn. Die individu, gesin of gemeenskap wat nie sy eie maatskaplike welsynsprobleme en lewensbehoefte selfstandig kan hanteer nie, word deur die owerheid of 'n welsynsorganisasie wat deur die Staat gefinansier word, bygestaan. Die oogmerk van die ondersteuning is om die maatskaplike funksionering van die individu, gesin of gemeenskap op alle vlakke van bestaan en in wisselwerking met ander individue en situasies in sy omgewing te herstel, te verbeter en te versterk.

3.1.2 Die maatskaplike welsynsdiens is gevestig op die vennootskapsmodel en is spesifiek daarop gerig om individue, gesinne en gemeenskappe wat maatskaplike welsynsprobleme en -behoefte ondervind, te ondersteun en te begelei tot dié mate van selfstandigheid dat hulle in hul eie lewensbehoefte voorsien en hul lewenskwaliteit daardeur verhoog.

3.1.3 Die owerheid is in terme van maatskaplike welsyn daarvoor verantwoordelik om -

- * nasionale beleid te formuleer en in werking te stel;
- * nasionale prioriteite en doelwitte te bepaal;
- * nasionale planne en beplanningsriglyne te ontwikkel en te bemark;
- * nasionale norme en standaarde te stel;
- * hulpbronne te identifiseer en die mobilisering en ontwikkeling daarvan te bevorder;
- * oorhoofse koördinering van welsynsdienste te bewerkstellig;
- * statutêr-gerigte maatskaplike welsynsdienste, soos deur wetgewing bepaal, te lewer;
- * maatskaplike welsynswetgewing daar te stel en te administreer;
- * toepaslike bestaansbeveiligingskemas te ontwikkel;
- * maatskaplike welsynsdienste op alle vlakke te inisieer en te bevorder;
- * bepaalde welsynsdienste wat deur vrywillige welsynsorganisasies gelewer word, te ondersteun en te finansier;
- * die vordering wat met maatskaplike welsynsdienste gemaak word, te monitor en te evalueer;
- * intersektorale samewerking en aksies te bevorder; en
- * voorsiening te maak vir die ordelike insameling van fondse van die publiek.

3.1.4 Die owerheid moet verseker dat bekostigbare maatskaplike welsynsdienste op primêre, sekondêre en tersiêre vlak in alle gemeenskappe volgens behoefte gelewer word. Die bevordering hiervan geskied egter op 'n vennootskapsgrondslag tussen die owerheid en vrywillige welsynsorganisasies, opvoedkundige inrigtings en die individu, gesin en gemeenskap.

3.1.5 Die lewering van maatskaplike welsynsdienste is 'n spanpoging deur vakkundiges en vrywilligers wat spesifiek opgelei is om mekaar aan te vul en te ondersteun.

3.1.6 Die owerheid as fasiliteerder is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat diegene wat na alle waarskynlikheid permanent van die Staat en die gemeenskap afhanklik is, soos byvoorbeeld liggaamlik-, verstandelik- en geestesgestremdes, verswakte bejaardes en sorgbehoewende kinders, geïdentifiseer word en dat langtermynversorgingsprogramme in samewerking met welsynsorganisasies vir hulle ontwikkel word.

3.1.7 Die owerheid moet die maatskaplike welsynsdienste sover prakties moontlik demokratiseer. Maatskaplike welsynsdienste moet in wese gemeenskapsgerig wees. Gemeenskapsdeelname en vrywillige welsynsorganisasies op grondvlak moet ontwikkel, ondersteun en uitgebou word.

4. **BEGINSELS**

Die beginsels vir 'n maatskaplike welsynsdienste is die volgende:

4.1 Die Staat is daarvoor verantwoordelik om as fasiliteerder en binne sy finansiële vermoë 'n maatskaplike welsynsdienste te ontwikkel wat vir alle mense -

toeganklik is,
bekostigbaar is,
sosiaal aanvaarbaar is in ooreenstemming met waardes, norme en kultuur,
doeltreffend funksioneer, en
sonder enige diskriminasie regverdig is.

4.2 Die Staat se maatskaplike welsynsbeleid en die beginsels waarop hy 'n maatskaplike welsynsdiens ontwikkel, moet die vakkundige beginsels van maatskaplike hulpverlening eerbiedig. Maatskaplike welsynsprogramme moet dus by die spesifieke behoeftes van kliënte (individue/gesinne), groepe en gemeenskappe aansluit; die kliënt moet aanvaar word soos hy, op grond van algemeen geldende waardes en norme, self kies om te wees; en die kliënt moet geleentheid hê om binne die maatskaplike welsynsprogram te groei en te ontwikkel volgens eie potensiaal en op grond van eie keuse van identiteit.

4.3 Die maatskaplike welsynsbeleid van die Staat moet die fundamentele selfbeslissingsreg van die kliënt erken en die toepassing daarvan moontlik maak.

4.4 Die Staat se maatskaplike welsynsbeleid moet die waardes en norme van mense, gebaseer op godsdiens of kulturele gebruike, eerbiedig en met die nodige agting bejeën.

5. ETIESE RIGLYNE

Die volgende etiese riglyne is geldend by die vestiging en ontwikkeling van 'n maatskaplike welsynsdiens:

5.1 Die mens is die belangrikste van alle lewende verskynsels op aarde en daar moet op 'n waardige wyse met hom omgegaan word.

5.2 Alle mense is gelykwaardig en gelyk voor die reg.

5.3 Die mens moet in die eenheid, die totaliteit en die onderlinge verband van sy fisiese, psigiese, maatskaplike, religieuse en ekologiese werklikheid benader word.

5.4 Die inhoud en kwaliteit van menswees word beslissend bepaal deur die verhoudinge waarin die mens staan.

- 5.5 Die selfbeslissingsreg van die mens, die reg op godsdiensvryheid en die reg op versorging binne geloofsverband word erken.
- 5.6 Die aanbieding van lewensruimte vir die kweek van 'n gesonde selfbeeld, die strewe na selfaanvaarding, selfverbetering en die verhoging van eie lewenskwaliteit word erken.
- 5.7 Die mens se arbeidsdeelname moet genormaliseer word deur die skepping van opleidings- en werkgeleentehede.
- 5.8 Die noodsaaklikheid van 'n burgerlike, politieke en ekonomiese stelsel wat welsynsdienste vir almal toeganklik maak, word erken.
- 5.9 Die verantwoordelikheid en reg van elke mens, gesin en groep om na eie lewensbehoeftes om te sien, word erken.
- 5.10 Die balans tussen die Staat, godsdienstige instellings, die gemeenskap en die sakegemeenskap in die nastrewing van eie verantwoordelikheid en reg ten behoeve van die mens word eerbiedig.
- 5.11 Die welsynsisteem dien nie 'n bepaalde ideologie nie maar word op die mens se normale maatskaplike funksionering en primêre behoeftes gerig.

6. VLAKE VAN DIENSLEWERING

In maatskaplike welsyndienslewering moet 'n onderskeid getref word tussen primêre, sekondêre en tersiêre maatskaplike dienste. Die verskillende vlakke van dienslewering word in elkeen van die ses diensvelde gevind.

Aangesien die kontemporêre vakliteratuur nie duidelikheid gee oor die definiëring van primêre, sekondêre en tersiêre maatskaplikesorgdienste nie, het die Nasionale Welsynsbeleidsraad (NWB) besluit dat die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling in oorleg met die dagbesture van die

Tussendepartementele Oorlegplegende Komitee (TDOK) en die Suid-Afrikaanse Welsynsraad (SAWR) 'n kernkomitee van kundiges saamstel met die doel om -

- 'n beskrywende definisie van primêre maatskaplike sorg te formuleer; en
- 'n implementeringsmodel ten opsigte van primêre maatskaplike sorg in terme van mannekrag, fondse, opleiding en tydskaal op te stel en aan die NWB voor te lê.

Die TDOK het besluit dat die kernkomitee van kundiges ook sekondêre en tersiêre maatskaplike sorg in verhouding tot primêre maatskaplike sorg moet definieer en afbaken.

Daar is 'n besliste agterstand in primêre maatskaplikesorgdienste in die RSA. Dit is belangrik dat die vestiging en uitbouing van primêre maatskaplikesorgdienste besondere prioriteit moet geniet sonder dat die bestaande beskikbare dienste op sekondêre en tersiêre vlak verwaarloos word.

7. DIENSVELDE

7.1 Die NWB het besluit dat die volgende diensvelde amptelik erken en aanvaar word, naamlik:

- Gesinsorg
- Bejaardesorg
- Gestremdesorg
- Alkohol- en dwelmafhanglikheid
- Oortredersorg
- Bestaansbeveiliging

7.2 Die NWB het ook besluit dat die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling die diensvelde vir bestuurs- en ordeningsdoeleindes moet definieer en afbaken. Die definiëring sal onder andere insluit die groepering van die dissiplines van die maatskaplike welsynspektrum in die onderskeie diensvelde.

8. DIENSVELDFORUMS

8.1 Die NWB stel 'n hoë premie op die beginsel van demokratisering van die welsynsisteam. Dit is dus noodsaaklik dat die private welsynsinstitusies aktief betrokke moet wees by die formulering van beleid en die beplanning van welsynsdienste.

8.2 Om die welsynsisteam bestuurbaar te maak het die NWB besluit dat die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling ten opsigte van elke diensveld 'n diensveldforum moet instel. Langs dié weg kan die primêre doel van die vennootskap tussen die owerheid en die private sektor en die beginsel van deelnemende demokrasie landswyd gevestig word.

8.3 Samestelling van diensveldforums

Diensveldforums sal saamgestel word uit verteenwoordigers van -

- die owerheid;
- nasionale rade wat dienste lewer op die gebied van die spesifieke diensveld;
- navorsingsinstitusies wat navorsing onderneem of kan onderneem op die gebied van die diensveld (soos bv. die RGN);
- maatskaplikewerk-dosente aan universiteite wat in spesifieke diensvelde spesialiseer; en
- ander rolspelers soos besluit deur die spesifieke diensveldforum.

'n Diensveldforum vergader minstens twee keer per jaar. Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling is daarvoor verantwoordelik dat daar vir elke diensveldforum 'n konstitusie opgestel word en 'n vakkundige sekretariaat gevestig word.

8.4 Doelstellings

Die doelstellings van elke diensveldforum is die volgende:

- 8.4.1 Bepaling van 'n missie vir die diensveld;
- 8.4.2 bespreking van beleid en die advisering van die owerheid insake beleid;
- 8.4.3 bespreking en beplanning van spesifieke programme;
- 8.4.4 bespreking en beplanning van dienslewering op verskillende vlakke;
- 8.4.5 bepaling van probleme, behoeftes en prioriteite binne die diensveld;
- 8.4.6 beplanning en benutting van hulpmiddele, veral mannekrag en fondse beskikbaar vir die diensveld;
- 8.4.7 bespreking van samewerking tussen rolspelers binne die diensveld;
- 8.4.8 uitskakeling van oorvleueling tussen rolspelers;
- 8.4.9 versekering van toepaslike opleiding van maatskaplike werkers en vrywilligers vir die behoeftes van die diensveld;
- 8.4.10 ontwikkeling en implementering van 'n inligting en moniteringstelsel vir die diensveld; en
- 8.4.11 bepaling van minimum norme, standaarde en riglyne ten opsigte van fasiliteite in die diensveld en die dienoooreenkomstige advisering van die owerheid in dié verband.

8.5 Diensveldforums sal vir elk van die ontwikkelingstreke in die RSA ingestel word.

8.6 Trustfonds vir diensvelde

Die NWB het besluit dat die TDOK die beginsel moet ondersoek dat daar vir elke diensveld 'n trustfonds met 'n raad van trustees gestig word. Die doel van die Trust sal wees om fondse vir die spesifieke diensveld,

nasionaal en internasionaal, te mobiliseer en dan volgens prioriteite aanbevelings te maak ten opsigte van die toekenning van fondse vir spesifieke programme binne die diensveld.

9. OPLEIDING

9.1 Die SA Raad vir Maatskaplike Werk het ingevolge die funksies by wet aan hom opgedra 'n verantwoordelikheid om die opleidingsbehoefte wat onder andere deur die diensveldforums geïdentifiseer word, onder die opleidingsentra se aandag te bring sodat toepaslike leerplanaanpassings gemaak kan word.

9.2 Departemente van Maatskaplike Werk aan Suid-Afrikaanse universiteite en opleidingsentra het 'n besondere verantwoordelikheid ten opsigte van -

- * die toepaslike opleiding van maatskaplike werkers en ander dienswerkers;
- * die aanbieding van veral buitekurrikulêre kursusse; en
- * navorsing,

ooreenkomstig die probleme en behoeftes soos geïdentifiseer deur die diensveldforums.

10. NASIONALE RADE

10.1 Die nasionale rade en hulle konstituerende liggame lewer belangrike maatskaplike welsynsdienste tot op grondvlak.

Die nasionale rade en welsynsorganisasies vorm die hoeksteen van die RSA se welsynsisteem.

10.2 Die nasionale rade word die keuse gebied om aan te dui by watter diensveldforum(s) hulle wil inskakel.

10.3 Die NWB het besluit dat nasionale rade in die toekoms as nasionale rade by die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling moet registreer; dat die

Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling mettertyd kriteria daar sal stel waaraan nasionale rade sal moet voldoen om te kan registreer; en dat die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling in die toekoms nasionale rade sal befonds.

10.4 Nasionale rade sal steeds 'n sleutelrol vervul. Die NWB het besluit dat die volgende primêre funksies aan die nasionale rade opgedra word:

10.4.1 Om hulle konstituerende liggame op nasionale grondslag te organiseer en in breë verband te verteenwoordig, hulle doelstellings, belange en werksaamhede te bevorder en hulle personeelontwikkeling te bevorder en te koördineer;

10.4.2 om 'n inligtingstelsel in te stel en in stand te hou wat onder andere by die nasionale welsynsinligtingstelsel aansluit;

10.4.3 om navorsing te onderneem wat die effektiwiteit van dienste bevorder; en

10.4.4 om dienslewering in alle gemeenskappe, landelik en stedelik, te bevorder.

11. WELSYNSORGANISASIES

11.1 Maatskaplike welsynsorganisasies is in wese gemeenskapsgerig. Welsynsorganisasies op grondvlak vorm die belangrikste boustene in die welsynsisteem. Vrywillige welsynsorganisasies in landelike en stedelike gebiede moet dus ten alle koste ondersteun en uitgebou word.

11.2 Die NWB steun die praktyk van 'n eenstopdiens in gemeenskappe waar dit prakties uitvoerbaar is. Die NWB het besluit dat vier loodsprojekte op 'n nasionale grondslag deur die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling van stapel gestuur moet word om die praktiese implementering van 'n eenstopdiens te

ondersoek.

11.3 Die NWB ondersteun die prosedure dat Staatsfinansiering van welsynsinstansies waar nodig direk aan die begunstigde instansies op grondvlak geskied.

11.4 Welsynsorganisasies behoort veral daarop te konsentreer om die samewerking van alle instansies op grondvlak tot voordeel van die welsyn van gemeenskappe te verkry.

12. WELSYNSPROGRAMME

12.1 Die Staat sal maatskaplike welsynsdienste in die toekoms per goedgekeurde welsynsprogram finansier. Programme word jaarliks deur die owerheid in samewerking met die welsynsorganisasie geëvalueer met die oog op die voortsetting van die finansiering.

12.2 Die NWB stel 1 April 1992 as mikpunt vir die implementering van die nuwe finansieringstelsel.

12.3 Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling is daarvoor verantwoordelik om so spoedig moontlik 'n inligtingstelsel, 'n monitorstelsel en 'n prestasie-ouditstelsel te implementeer om die vordering met welsynsprogramme te meet en die koste-effektiewe aanwending van fondse te bepaal.

12.4 Dit is belangrik dat welsynsinstansies oor die nodige finansiële kundigheid en bestuursvaardigheid beskik. Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling moet in samewerking met die toepaslike instansies meganismes ontwikkel en in werking stel om die bestuursvermoë en finansiële kundigheid van welsynsorganisasies in dié verband te verseker.

12.5 Ontwikkelende gemeenskappe toon 'n ernstige tekort aan maatskaplike welsynsdienste. Die kwessie van ontwikkelingskapitaal en mannekrag om 'n effektiewe maatskaplike welsynsinfrastruktuur in ontwikkelende gemeenskappe tot stand te bring, sal dringende vir die owerheid en

die private welsynsgemeenskap aangespreek word.

12.6 Dit is belangrik om veral die sakegemeenskap by welsynsprogramme te betrek. Sorg moet gedra word dat toepaslike welsynsprogramme aan die sakegemeenskap bemark word en dat die sakegemeenskap gemotiveer word om werknemerhulpprogramme in te stel. Die NWB het besluit om die SAWR en die TDOK te versoek om aandag aan die saak te skenk.

13. VRYWILLIGERS

Die plek en rol van die vrywilliger in die maatskaplike welsynsdiens is van die uiterste belang. Dit is baie belangrik dat vrywillige helpers ten volle benut word in konstruktiewe dienslewering aan gemeenskappe. Die NWB het die SAWR versoek om 'n nasionale strategie op te stel met betrekking tot die benutting van die vrywilliger as 'n skaars en kosbare hulpbron.

14. TRAUMATIESE GEBEURE

Wanneer die lewensomstandighede van die mens in nood aangespreek word, moet dit onder andere binne sisteem- en ekologiese verband gedoen word.

Daar moet dus rekening gehou word met gebeure in die gemeenskap wat 'n ontwrigtende uitwerking het op die maatskaplike funksionering van individue, gesinne, die plaaslike gemeenskap en die samelewing in breëre verband. Hierdie gebeure kan in 'n mindere of meerdere mate traumaties belewe word en tot maatskaplike wanfunksionering en onstabiliteit lei en selfs ernstige patologiese verskynsels presipiteer. Suid-Afrika bevind hom tans in 'n stadium van snelle verandering op alle lewensterreine met soms traumatiese gevolge vir individue, gesinne en gemeenskappe.

Die NWB versoek die SAWR en TDOK om saam met relevante owerhede en instansies 'n strategie daar te stel om die nadelige uitwerking van traumatiese gebeure vanuit 'n maatskaplike welsynsperspektief te hanteer.

15. NASIONALE KOMMUNIKASIE

Maatskaplike welsynsdienste moet met ander instellings meeding om ontwikkelings- en bedryfskapitaal in die openbare en die private sektor. Die NWB het besluit dat die welsynsrolspelers in die owerheidsektor in samewerking met die SAWR so spoedig moontlik 'n omvattende en ewewigtige kommunikasiestrategie moet opstel met die oog op die verkryging van optimale finansiële en gemeenskapsteun vir maatskaplike welsynsdienste.

16. OWERHEIDSFINANSIERING

16.1 Die welsynsbegroting vir die RSA (selfregerende gebiede en TBVC-lande uitgesluit) was vir die 1990/91 finansiële jaar R3,474 miljard. 82,3% van dié bedrag is toegewys aan maatskaplike pensioene; 12,3% (R427,5 miljoen) is oorbetaal aan nasionale rade en welsynsorganisasies in die private sektor vir vakkundige dienste, en 5,4% is deur die owerheid aan welsynsadministrasie en statutêre dienste bestee.

16.2 Ontledings dui daarop dat van die R427,5 miljoen oordragbetalings 49,39% aan bejaardesorgdienste, 26,61% aan kinder- en gesinsorgdienste en 10,77% aan gestremdesorgdienste bestee is.

16.3 Die Kabinet het reeds goedgekeur dat die Minister van Nasionale Gesondheid en van Gesondheidsdienste en Welsyn: Volksraad na oorlegpleging met die eiesake-ministers vir welsynsaangeleenthede die Minister van Finansies sal adviseer oor die beskikbaarstelling van fondse vir welsynsdienste in die RSA.

16.4 Dit is vanuit 'n maatskaplike welsynsperspektief belangrik dat -

16.4.1 meer fondse deur die Sentrale Regering toegeken moet word aan maatskaplike welsynsdienste (tans word 1,6% van die bruto binnelandse produk (BBP)

beskikbaar gestel vir maatskaplike welsynsdienste, en die miktunt is om op die langer termyn te beding vir minstens 3,2% van die BBP vir maatskaplike welsynsdienste);

16.4.2 infasering tot volle pariteit ten opsigte van die betaling van maatskaplike toelaes tussen die onderskeie bevolkingsgroepe binne 5 jaar vanaf 1 April 1991 bereik moet word;

16.4.3 meer fondse beskikbaar gestel moet word vir vak-kundige dienste;

16.4.4 beskikbare fondse aangewend moet word om behoeftes en agterstande in ontwikkelende gemeenskappe uit te skakel;

16.4.5 daar 'n meer eweredige verspreiding van fondse per diensveld per behoefte en prioriteit moet wees;

16.4.6 'n prestasie-ouditstelsel so spoedig moontlik ingestel moet word om te verseker dat beskikbare fondse koste-effektief aangewend word ter bereiking van spesifieke doelwitte teenoor tydskale;

16.4.7 meganismes ontwikkel word om optimale finansiële steun van die private sektor te verseker;

16.4.8 'n bestaansbeveiligingsnet ingestel moet word as deel van 'n omvattende strategie ter bekamping van armoede;

16.4.9 daar met verantwoordelike departemente onderhandel word sodat donasies aan nasionale rade en welsynsorganisasies en goedgekeurde trustfondse van algemene belasting vrygestel word;

16.4.10 die SA Raad vir Maatskaplike Werk ondersoek instel om tariewe te bepaal vir die lewering van

maatskaplike welsynsdienste aan persone wat dit kan bekostig;

16.4.11 die voortbestaan van gemeenskapskaste ondersteun word maar dat oorlegpleging moet plaasvind oor die verhouding tussen gemeenskapskaste en die moontlike te stigte diensveldtrustfondse;

16.4.12 die beginsel van inwaartse industrialisasie* as een van die metodes vir die finansiering van die welsynsisteem ondersoek moet word; en

16.4.13 die TDOK dringend ondersoek moet instel en aanbevelings aan die NWB moet maak oor die rasionalisering van bestaande bestaansbeveiligingsmaatreëls tot 'n effektiewe maatskaplikewelsyn-steunstelsel.

17. WETGEWING

Die NWB het besluit dat die beginsel van sambreelwetgewing vir die welsynsisteem aanvaar moet word.

Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling is tans besig om sover moontlik alle maatskaplike wetgewing tot nasionale wetgewing te verwerk.

18. RASIONALISERING VAN WELSYNSTRUKTURE

18.1 Die welsynsisteem word tans gekenmerk deur fragmentasie en duplisering op alle vlakke in die owerheid- en die private sektor.

18.2 Rasionalisering in die welsynsisteem is 'n dringende prioriteit en moet die deurlopende aandag van alle rolspelers in die welsynsveld geniet.

18.3 Owerheidsektor

aktiwiteite van nasionale rade, en die NWB verkies dat nasionale rade binne die diensveldforums sal saamwerk en duplisering van aktiwiteite in die proses sal uitskakel.

18.7 TBVC-lande en selfregerende gebiede

18.7.1 Gereelde samesprekings vind reeds bilateraal en multilateraal plaas tussen ministers en amptenare van die Sentrale Regering, selfregerende gebiede en TBVC-lande wat verantwoordelik is vir maatskaplike welsyn. Die forums sal steeds gebruik word om aanpassings en veranderinge in die RSA se welsynsisteen te bespreek.

18.7.2 Verteenwoordigers vanuit die welsynskomponente in die TBVC-lande en die selfregerende gebiede sal ten volle ingeskakel word as lede van die subkomitees van die TDOK.

19. DIE PLAASLIKE OWERHEDE

Waar plaaslike owerhede met die lewering van gesondheidsdienste 'n sleutelrol speel, kan hulle verantwoordelikhede op die maatskaplike welsynsterrein as volg saamgevat word:

19.1 Bevordering van geleenthede vir die ontwikkeling van en dienslewering deur welsynsorganisasies.

19.2 Geldelike steun aan private welsynsorganisasies. Hierdie steun kan ook verleen word deur die vrystelling van belasting op eiendom en deur water, krag en sanitasie gratis of teen 'n verlaagde tarief te verskaf.

19.3 Beheer oor straatkollekte en interne kontrole oor die wyse van fondsinsameling.

19.4 Beskikbaarstelling van grond en geboue aan welsynsorganisasies teen 'n nominale bedrag.

18.3.1 Die NWB het die beginsel van 'n selfstandige departement vir maatskaplike welsyn in die nuwe grondwet aanvaar.

*Nota: Met inwaartse industrialisasie word bedoel om fondse wat uit 'n bepaalde gemeenskap genereer word en wat normaalweg vir ontwikkelingsdoeleindes aangewend word, nie buite nie maar binne die gemeenskap aan te wend.

18.3.2 Die skepping van 'n selfstandige departement vir maatskaplike welsyn sal egter deur die Regering binne die raamwerk van die nuwe grondwet oorweeg word.

18.3.3 Die status quo van owerheidsdepartemente word gehandhaaf totdat 'n nuwe grondwet deur die onderhandelingsproses gefinaliseer is.

18.4 Suid-Afrikaanse Welsynsraad (SAWR)

Die SAWR as instelling bly voortbestaan. Die rol, funksie en samestelling van die SAWR sal onder andere in die lig van die instelling van diensveldforums herbepaal word.

18.5 Streekwelsynsrade

Die NWB aanvaar die beginsel van nierassige streekwelsynsrade per streek met streekwelsynskomitees en plaaslike welsynskomitees en het reeds die TDOK opdrag gegee om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die verpraktisering van die beginsel.

18.6 Nasionale Rade (NWB)

Die NWB is deeglik bewus van die belangrike funksie wat nasionale rade tans speel maar ook dat daar tans oorvleueling en duplisering is ten opsigte van sommige

19.5 Sekere gemeenskapsdienste soos behuising vir veral die laerinkomstegroep, geriewe vir ontspanning, vryetydbesteding en voorkomingsdienste.

Waar subekonomiese behuising ter sprake is, is sekere aspekte van welsynsdienste so nou daaraan verbonde dat dit nouliks deur ander instansies as die plaaslike owerhede self gelewer kan word.

19.6 Steun aan die dienslewerende owerheidsinstellings met betrekking tot die uitbetaling van pensioene en toelae. Hierdie steun kan verleen word deur kantore beskikbaar te stel, aansoekers en klagtes te verwys en ook om te sien na die behoeftes van bevoordeeldes op uitbetaaldae.

20. SAMEVATTING

20.1 Die maatskaplike welsynsgemeenskap beweeg 'n tydvak van dinamiese hernuwing, verandering en uitdagings binne. Die herstrukturering van die welsynsgemeenskap moet met verantwoordelikheid en takt hanteer word om die doeltreffendste diens aan alle gemeenskappe in die RSA te verseker. Die welsynsgemeenskap moet daarin slaag om mensepotensiaal te help ontsluit en om alle Suid-Afrikaners die geleentheid te bied om tot volle verwerkliking te lewe.

20.2 Die herstrukturering en verandering van die welsynsistiem sal namate die nuwe Suid-Afrika konstitusioneel ont-plooi, in fases geskied. Die riglyne vir 'n nuwe welsynsbedeling vir die RSA, soos in die werkdokument uiteengesit, en die verpraktisering van die riglyne is dus die eerste fase in die vestiging van 'n nuwe welsynsbedeling vir die RSA. Dit vereis 'n gemeenskaplike poging van alle rolspelers in die welsynsgemeenskap.

SUID-AFRIKAANSE KUNSVVERENIGING
SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF ARTS



Head Office:
PO. Box 6188
0001 Pretoria, R.S.A.
Tel: [012] 28-7109

5 Woodside Close, Tamboerskloof
8001, Cape Town, R.S.A.
Tel: [021] 23-5589
Fax: [021] 23-2637

WSZ

THE SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF ARTS HEREWITH MAKES
REPRESENTATION TO CODESA TO INSTITUTE A WORKING COMMITTEE
FOR ARTS AND CULTURE

- * The SA Association of Arts recommends that the New Constitution give due recognition to the status of culture in its composition.
- * That Codesa or the interim government establish one national department for art and culture.
- * That a commission be set up to develop a national policy for art and culture promoting a common national identity and cultural policy.
- * That the distribution of existing funds be reviewed in order to address imbalances.
- * That the status of art education be investigated.
- * To review legislation and to install tax benefits regarding institutions, organizations and sponsorships.

Louis Jansen van Vuuren

LOUIS JANSEN VAN VUUREN

NATIONAL PRESIDENT: SA ASSOCIATION OF ARTS
FEBRUARY 25 1992